'n Tuin van sp



KAKTUS

BENODIGDHEDE
Oorskietgare of wol van dikte gelyk aan nr. 5, ongeveer 20 g groen en 5 g bruin; hekelpen van 2,00 mm; 1 kurkprop met deursnee van 5 cm vir ,,blompot'', stuk polistireen van 'n houer wat in supermarkte vir vleis of vrugte gebruik word, om kaktus mee te verstewig.

AFKORTINGS
ks — kettingsteek; kb — kortbeen; st(e) — steek(steke); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; lb — langbeen; hlb — half-langbeen; beg — begin.

GROOT BLAAR
Beg met 17 ks.
1e Ry: steek hekelpen in 2e ks vanaf hekelpen en hekel 1 kb in elke ks, en 3 kb in laaste ks. Werk nou langs ander kant van basis-ks, 1 kb in elke ks, 2 kb in laaste ks.
2e Ry: 2 kb in 1e kb, hekel voort tot einde; 2 kb in elk van 3 ronding-kb; hekel voort tot by ander ronding, 2 kb in elk van laaste 2 kb.
3e tot 7e Ry: hekel op dieselfde wyse voort, vermeer ste vir ronding.
8e Ry: 7 kb, draai, 15 kb, draai, 15 kb, trek ste saam, dit is bedoel om een deel van ,,plant'' aan onderkant styf af te heg.

KLEIN BLAARTJIE
Maak op dieselfde manier met 8 ks en 7 kb in ks.

HALWE BLAARTJIE
Hekel 5 ks, 4 kb in ks, in laaste ks hekel 3 kb; hekel voort langs ander kant van ketting, 3 kb in end-ks, draai.
Hekel 2 kb in elke draai-kb; hekel nog 2 kb, heg af.
Hekel 2 kante vir elke blaar.

BLOMPOT
Met bruin gare begin met paar ks, hekel dan lb in ks en werk steeds in die rondte, vermeer soos benodig om ronde vorm te verkry. Wanneer skyf 5 cm in deursnee is, word 1 rondte gs in agterkant van ste van basisskyf gehekel; hekel voort in lb tot sykante van kurk heeltemal bedek is. Eindig met 2 rye gs.

AFWERKING
Sny kaktusvorm uit polistireen, (kyk op diagram, indien hekelwerk effens anders van vorm is, pas polistireenvorm hierby aan)
Werk 2 dele van halwe blaar aanmekaar en werk aan groot blaar vas.
Stop liggies met bietjie watte op. Werk boonste dele van ander blare aan mekaar vas sodat dit oor polistireenraamwerk getrek kan word, en werk vas.
Een deel van basis sal aan onderkant nog onbedek wees.
Maak 'n gaatjie in kurk om onderste deel van ,,plant'' in te pas en lym stewig vas. Trek kurk oor met bruin ,,blompot'' en lym vas. Smeer lym oor boonste deel van kurk en druk 'n paar ryskorrels daarin om vermikuliet voor te stel.



LIEWEHEERSBESIE

BENODIGDHEDE
Hekelgare of wol van dikte gelyk aan nr. 5, ongeveer 10 g rooi en 'n paar draadjies swart; hekelpen van 2 mm; polistireen van houers wat vir vleis of vrugte in supermarkte gebruik word; 'n bietjie watte om mee op te stop; karton; 'n stuk draad, ongeveer 9 cm lank.

AFKORTINGS
ks — kettingsteek; kb — kortbeen; st(e) — steek (steke); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; lb — langbeen; hlb — halflangbeen; beg — begin.

VLERK
Met rooi gare hekel 27 ks, draai, 1 lb in elke ks, laat 1 lb aan begin en einde van elke ry ongewerk. Hekel 10 rye. Heg af.
Hekel nog 'n vlerk op dieselfde wyse.
Sny polistireen in die vorm van 'n lieweheersbesie. Kyk op diagram vir afmetings. Plaas 'n bietjie watte daarop om ronding te vorm, trek oor met rooi hekelwerk en lym vas.

KOP
Hekel 2 ks, 8 kb in 1e ks, dan 1 ry lb. Hekel voort met slegs 'n halwe ry, draai om, maak nog 'n halwe ry. Heg af.

STERT
Soos kop, maar slegs 1e twee rye.
Sny vorm uit karton, plak kop en stert vas, plaas 'n bietjie watte tussen gehekelde kopstuk en karton, lym vlerk stewig vas.
Hekel 4 swart ,,spikkels'' en heg aan vlerke vas. Smeer 'n bietjie lym aan draad. Draai dan styf toe met swart garing. Plak die middelste 3 cm aan kop vas vir voelers.

SLAK

BENODIGDHEDE
Oorskietwol of -katoen van dikte gelyk aan nr. 5, 10 g oranje, 10 g groen, bietjie wit; hekelpen van 2,00 mm; watte om mee op te stop; stukkie draad van 15 cm.

AFKORTINGS
ks — kettingsteek; st(e) — steek(steke); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; kb — kortbeen; lb — langbeen; grh — garing rondom hekelpen; ls(e) — lus(lusse).

SLAKKEHUIS
Met oranje, hekel 4 ks maak dan 9 ste in 1e ks en trek begindraad styf vas om ronding te vorm.
Gaan voort met lb al in rondte. Steek hekelpen agter in ste van vorige ry. Hekel ongeveer 4½ rye om skyf van sowat 5 cm te verkry en heg af.
Met wit katoen, hekel gs vanuit middelpunt van slakkehuis in voorste lse wat soos 'n riffel al in rondte lê om slakkehuis vorm te gee. Hekel nog 'n skyf op dieselfde wyse.

SLAK
Met groen heg gare aan middel van slakkehuis vas en hekel 26 ks, om van slakkehuis tot slak se kop te strek.
1e en 2e Ry: 25 kb.
3e tot 6e Ry: vermin 1 st in middel van ry soos volg: maak 1 kb, hou laaste ls op hekelpen, maak nog 'n kb, grh, en trek deur altwee lse.
7e tot 18e Ry: vermin 1 st aan begin en einde van ry, maar vermeer 1 st in elk van middelste 2 ste.
19e tot 21e Ry: vermin 1 st aan beg, in middel en aan einde van ry.
22e Ry: hekel elke 2 ste tes.
23e Ry: steek hekelpen in 1e st en trek ls uit. Hekel so voort tot 'n ls uit elke steek getrek is, grh en trek deur alle lse. Heg af.
Hekel nou aan agterkant van basis-ry.
1e tot 10e Ry: vermin 1 st in middel.
11e tot 16e Ry: vermin 1 st aan beg en einde van ry maar vermeer 1 st in middel.
17e en 18e Ry: soos 22e en 23e ry.

AFWERKING
Werk albei kante van groen slaklyf toe. Stop op. Werk stert toe vanaf punt na middel. Stop op soos jy vorder.
Werk slakkehuisnate ongeveer twee derdes toe. Stop op en sorg dat opstopsel eweredig verdeel is sodat slak bly staan en nie omval nie wanneer afgewerk. Werk dan laaste naat van slakkehuis aan kant van slak vas. Werk 2e kant op dieselfde wyse toe.
Die voelhorings word gemaak deur 'n bietjie lym oor draad te smeer en groen gare stewig daarom te draai. Werk middelpunt van draad goed aan kop vas en buig draad om soos voelhorings van 'n egte slak te lyk.

HOED

BENODIGDHEDE
Ongeveer 15 g geel oorskietwol of hekelgare van dikte gelyk aan nr. 5; paar draadjies ligblou, groen, rooi, pienk en swart; hekelpen

eldekussings

van 2,00 mm; watté om mee op te stop.

AFKORTINGS
ks — kettingsteek; kb — kortbeen; st(e) — steek (steke); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; lb — langbeen; hlb — halflangbeen; beg — begin.

AANWYSINGS
Hekel 2 ks, maak 6 kb in 1e ks, trek stewig vas. Hekel rondom in gs, tot werk 4 cm in deursnee is. Hekel voort sonder vermeer vir sowat 2 cm. Vermeer vir rand 1 st in elke 6e of 7e st in een ry. Vermeer dan slegs waar nodig om hoedrand plat te hou. Hekel op hierdie wyse vir 2,5 cm.
Met blou, hekel 1 ry ks vir hoedband en 1 ry lb in ks.

BLOMME
Met swart, hekel 2 ks. In 1e ks maak 8 kb, heg af (=blomhart). Met rooi, 1 kb, 2 lb in 1e steek; in 2e st hekel 2 lb, 1 kb (=1 blomblaartjie). Hekel nog 3 blaartjies, heg af. Die ander blomme word op dieselfde wyse met verskillende kleure gehekel.

BLARE
Hekel 5 ks. In voorlaaste ks hekel 1 kb, 1 hlb, 1 lb, 1 kb.

AFWERKING
Stop hoed met watte op. Sny 'n skyfie karton om hoed te verstewig en werk aan binnekant vas. Werk hoedband en blomme vas soos op foto. ●